

Hoofstuk van die dag: Matteus 20

> *Jesus het gaan staan, hulle geroep en gevra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?” (vers 32)*

Jesus is op pad Jerusalem toe vir die laaste Paasfees. Hy het reeds vir sy dissipels gesê dat Hy daar gaan sterf (20:17-19).

Volgens Markus 10:32 was Jesus haastig om in die stad te kom. Soos altyd het ’n groot klomp mense saam met Hom gestap, almal op pad na die fees. Die twee blindes van Jerigo se geroep was vir hulle erg ongeleë, want hulle wou hulle reis voltooi. Daarom raas hulle met die blindes en sê hulle moet stilbly. Hulle het nie nou tyd om aan hulle aandag te gee nie; dalk met die terugreis.
Jesus was ook haastig, en tog gaan Hy staan om met hulle besig te raak. Want Hy het altyd tyd vir mense wat Hom nodig het. Matteus sê Hy het hulle innig jammer gekry (vers 34) en hulle genees.
Hierdie is een van die gebeurtenisse wat my help om te onthou wie Jesus is. Hy het tyd vir mense wanneer almal anders ongeduldig raak. Want mense is sy besigheid. Onthou dit vandag. Jesus het tyd vir jou. Hy is nie te besig met ander goed dat jou behoeftes by Hom verbygaan nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026